

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: 949/2005

Saak Aangehoor: 02/06/2006
Datum Gelewer: 09/06/2006
In die saak:

BESTER M C
Sectionl.1

EISER

versus

Sectionl.2 ANDERSON W W 1ST VERWEERDER

Sectionl.3 SEHUNELO P R O 2^{DE} VERWEERDER

Sectionl.4 SOL PLAATJE MUNISIPALITEIT 3^{DE} VERWEERDER

Coram: Olivier R

UITSPRAAK

OLIVIER R:

[1]

Die eiser, mnr M C Bester, het aksie ingestel teen mnr William Wallace Anderson (eerste verweerder) adv Phemelo Robert Ohentse Sehunelo (tweede verweerder) en die Sol Plaatje Munisipaliteit (derde verweerder). Die aksie is vir die verhaal van skadevergoeding op grond van beweerde laster gepleeg deur die eerste en tweede verweerdere, en die derde verweerder word op 'n middellike grondslag aanspreeklik gehou.

[2]

Die eerste en derde verweerdere het eksepsie aangeteken teen die dagvaarding en besonderhede van vordering op nie minder nie as agt verskillende gronde (sonder inagneming van alternatiewe gronde). Ek handel vervolgens met hierdie gronde in die volgorde waarin hulle opgewerp is.

EENVORMIGE HOFREËL 19 (2)

[3]

Luidens hofreël 19(2) moet daar aan staatsorgane in 'n dagvaarding minstens 20 dae gegun word om kennis te gee van voorneme om te verdedig (in teenstelling met die 10 dae wat voorgeskryf word in die geval van ander partye op wie betekening binne die Hof se regsgebied geskied).

[4]

Die derde verweerder is sonder twyfel 'n staatsorgaan soos bedoel in hofreël 19(2). In die eiser se dagvaarding is egter aan die derde verweerder slegs 10 dae gegun waarbinne kennis gegee moes word van voorneme om te verdedig.

[5]

Met verwysing na die beslissing van **Noord-Kaap Lewendehawe Koöp Beperk v Lombaard** 1988 (4) SA 810 (NKA) het mnr van Loggerenberg SC, wat bygestaan deur mnr Mpaga namens die derde verweerder verskyn het, aan die hand gedoen dat die dagvaarding en besonderhede van vordering gevolglik nietig is.

[6]

Voorts is aan die hand gedoen dat, alhoewel hofreël 19 (2) daarvoor voorsiening maak dat 'n Hof 'n ander periode as 20 dae kan magtig, sulke magtiging voor uitreiking van dagvaarding verkry moes gewees het. As motivering hiervoor is namens die derde verweerder verwys na die feit dat hofreël 19 (2) 'n periode van 20 dae voorskryf, *"tensy die Hof 'n korter tydperk gemagtig het"*, maar is na geen gesag ter ondersteuning van hierdie vertolking verwys nie.

[7]

Die saak van **Noord-Kaap Lewendehawe Koöp Beperk v Lombaard** is duidelik totaal te onderskei van die onderhawige feite. Daar het dit gegaan oor 'n dagvaarding wat nooit deur die Griffier onderteken is nie en wat dus in werklikheid nooit geldiglik tot stand gekom het nie. In die onderhawige geval het die dagvaarding geldiglik tot stand gekom, maar was dit defektief deurdat, wat die derde verweerder betref, die periode wat dit gelaat het vir kennisgewing van voorneme om te verdedig nie in ooreenstemming met die gemelde voorskrifte was nie.

[8]

Die derde verweerder sou moontlik ingevolge hofreël 30 stappe kon geneem het op die basis dat die dagvaarding onreëlmatig was, maar dan sou die derde verweerder

moes aantoon dat dit daardeur benadeel is (sien **S A Metropolitan Lewensversekeringsmaatskappy Bpk v Louwno** 1981 (4) SA 329 (O) op 334B-C). Die derde verweerder sou na my oordeel nie sodanige nadeel kon aantoon nie. Dit is duidelik dat dit kennis gekry het van die aksie en hier is nou immers reeds 'n uitvoerige eksepsie aangeteken teen die betrokke dagvaarding en besonderhede van vordering.

[9]

Die hele doel van die bepalings van hofreël 19(2) is dus in wese bereik en die feit dat die bepalings daarvan nie stiptelik nagekom mag gewees het nie, raak dan eintlik irrelevant (sien **Consani Engineering (Pty) Ltd v Anton Steinecker Maschinenfabrik GmbH** 1991 (1) SA 823 (T) op 824F-G).

[10]

Daar is dus geen meriete in die argument dat die dagvaarding en besonderhede van vordering op hierdie basis 'n nietigheid is nie. In die lig hiervan is dit dus onnodig om in diepte te handel met die argument namens die derde verweerder ten aansien van op watter stadium 'n Hof se magtiging ingevolge hofreël 19(2) verkry sou moes word.

[11]

Hofreël 27(2) maak egter uitdruklik daarvoor voorsiening dat 'n Hof 'n tydperk kan verleng selfs al het dit reeds verstryk. Die laasgemelde bepalings moet saamgelees word met dié van hofreël 27(1), wat duidelik aantoon dat die gemelde bevoegdhede sal slaan op *“enige tydperk wat by hierdie reëls op by hofbevel voorgeskryf is in verband met enige verrigting hoegenaamd”*. Hierdie bepalings is ooglopend baie wyd en daar is op die oog af geen rede waarom dit nie ook moet slaan op die voorskrifte van hofreël 19(2) nie.

LOCUS STANDI IN IUDICIO

[12]

Hierdie grond van eksepsie is gebaseer op die feit dat die eiser homself in die dagvaarding en besonderhede van vordering beskryf as 'n *“volwasse”* persoon en nie as 'n meerderjarige nie, en het mnr van Loggerenberg met verwysing na die beslissing van **Stassen v Stassen** 1998 (2) SA 105 (W) op 108E-H geargumenteer dat die eiser nie 'n saak daarvoor uitgemaak het dat hy oor die vereiste **locus standi in iudicio** beskik nie.

[13]

Die betrokke opmerking in die **Stassen**-saak is **obiter** gemaak en was bloot tot die effek dat die bewering eerder behoort te wees dat die party meerderjarig is. Die beslissing kan nie na my oordeel dien as gesag daarvoor dat 'n dagvaarding waarin volwassenheid (in plaas van meerderjarigheid) beweer is nie 'n skuldoorsaak openbaar nie.

[14]

Die gebruik van die bewering van volwassenheid sou nie na my oordeel getuienis van meerderjarigheid uitsluit nie (vergelyk **McKelvey v Cowan NO** 1980 (4) SA 525 (Z) op 525D-E). Dit sou gevolglik prematuur wees om nou op eksepsie hierdie bewering met sulke noukeurigheid te oorweeg.

[15]

'n Verweer op grond van **locus standi in iudicio** blyk nie afdoende genoeg uit die dagvaarding om op eksepsie daaroor te beslis nie en is hierdie 'n gepaste geval waar die verweerders, indien so geadviseer, 'n spesiale pleit tot hierdie effek kan aflewer (vergelyk **Dettman v Goldfain and Another** 1975 (3) SA 382 (A) op 400A-B en **Ahmadiyya Anjuman Ishaati-Islamahore (South Africa) and Another v Muslim Judicial Council (Cape) and Others** 1983 (4) SA 855 (C) op 862D-E. Hierdie grond van eksepsie kan dus ook nie slaag nie.

WET OP BEPERKING VAN REGSGEDINGE (PROVINSIALE EN PLAASLIKE BESTURE), 90 VAN 1970

[16]

Daar is ook teen die dagvaarding eksepsie aangeteken op die basis dat die bepalings van die laasgemelde Wet hier van toepassing was en dat, omdat die eiser nie van sy kant nakoming van hierdie Wet se bepalings met betrekking tot kennisgewing beweer het nie, en omdat die dagvaarding onderteken en uitgereik is nà verstryking van die periode van 24 maande nadat die skuldoorsaak sou ontstaan het, daar nie in die dagvaarding en in die besonderhede van vordering 'n saak daarvoor uitgemaak is dat die eiser geregtig is om die aksie te voer nie.

[17]

In die eerste plek sou hierdie punt na my mening eweneens nie gepas op eksepsie beslis kon word nie. Dit sou nie vir die eiser nodig gewees het om in sy besonderhede van vordering nakoming van die betrokke bepalings rondom kennisgewing te beweer nie. Dit sou vir die verweerder (wat hom op die nie-

nakoming van die betrokke bepalings wou beroep) wees om 'n spesiale pleit tot hierdie effek af te lewer (sien **Hatem v Oos-Randse Administrasieraad** 1984 (2) SA 276 (T) op 280F-281G).

[18]

Dieselfde sou geld wat betref die bewering dat meer as 24 maande verstryk het tussen die ontstaan van die skuldoorsaak en die uitreiking en betekening van die dagvaarding (sien **Hatem**-saak op 281H-282A en **Gericke v Sack** 1978 (1) SA 821 (A)). Die bepalings ten aansien van die laasgemelde termyn het 'n verjaringstermyn daargestel (sien **Meintjies NO v Administrasieraad van Sentraal-Transvaal** 1980 (1) SA 283 (T) op 293) en verjaring word gewoonlik opgewerp by wyse van spesiale pleit. 'n Eksepsie is nie die gepaste prosedure hiervoor nie, want 'n eiser sou in repliek byvoorbeeld kon pleit dat die termyn opgeskort of gestuit is (sien **Union & SWA Insurance Co Ltd v Hoosein** 1982 (2) SA 481 (W) op 482G en **Maisela v Kgolane NO** 2000 (2) SA 370 (T) op 377G-H).

[19]

Dit is inderdaad die verweerder wat hom/haar op hierdie verweer wou beroep wat moes *“bewys wanneer die skuld opeisbaar geword het. Dit sluit in die bewys van die eerste dag waarop die eiser kennis gedra het van die identiteit van die verweerder asook die feite waaruit die skuld ontstaan het, of kennis daarvan deur die uitoefening van redelike sorg kon bekom het, soos wat in artikel 2(2)(c) voorgeskryf word”* (sien **Hatem**-saak op 281H-282A en **Administrateur, Kaap v Burger** 1993 (3) SA 414 (A) op 422E).

[20]

Heeltemal afgesien van die voorgaande is dit ook so dat die bepalings van artikel 2(1)(a) van die gemelde Wet, waarop die eerste en derde verweerders in eksepsie gesteun het, reeds op 4 Julie 2001 in **Moise v Greater Germiston Transitional Local Council: Minister of Justice and Constitutional Development Intervening (Women's Legal Centre as Amicus Curiae)** 2001 (4) SA 491 (CC) as ongrondwetlik en ongeldig verklaar is. Eers nadat ek mnr van Loggerenberg in argument op die **Hatem**- en **Moise** beslissings gewys het, het hy namens die derde verweerder die eksepsie wat op hierdie basis geneem is laat vaar. Alhoewel daar nooit namens die eerste verweerder in die betoogshoofde of in argument met die eksepsie op hierdie grond gehandel is nie, is dieselfde eksepsie tog aanvanklik geneem namens die eerste verweerder en is dit nooit laat vaar nie.

**WET OP DIE INSTEL VAN REGSGEDINGE TEEN SEKERE STAATSORGANE, 40
VAN 2002**

[21]

In die alternatief tot die argumente wat aangevoer is ten aansien van die 1970-Wet rakende die kwessie van kennisgewing, is ook namens die eerste en derde verweerders eksepsie aangeteken op die basis dat die 2002-Wet op hierdie geval van toepassing is en dat, omdat die eiser nie beweer het dat die bepalings van hierdie Wet nagekom is wat kennisgewing betref nie, die dagvaarding geen skuldoorsaak openbaar nie.

[22]

Artikel 3(4) van hierdie Wet bepaal soos volg:

“Indien ‘n staatsorgaan steun op ‘n skuldeiser se versuim om ‘n kennisgewing te beteken, kan die skuldeiser by ‘n hof wat regsbevoegdheid het, aansoek doen vir kondonاسie van sodanige versuim.”

[23]

Net soos wat die geval was met artikel 5 van die 1970-Wet, maak hierdie bepalings dit na my oordeel duidelik dat ‘n eiser nie nodig het om nakoming van die betrokke bepalings te beweer nie, maar dat dit vir die verweerder sal wees om dit te opper (vergelyk die **Hatem**-saak op 281D-G). Ook hierdie grond van eksepsie moet dus faal.

LASTER PER SE

[24]

Die eiser se saak is in totaal gegrond op die inhoud van ‘n skrywe wat aan die Hoof Uitvoerende Beampte van die Kaapse Gemeenskaplike Aftreefonds gerig is, en meer spesifiek paragraaf 2 daarvan. Om doelmatigheidsredes word die geheel van die inhoud van die betrokke skrywe vervolgens aangehaal:

KONFIDENSIEËL

“Waarde Here

DISSIPLINÊR: M.C. BESTER

Ons verwys na bogemelde en wens te bevestig dat ons tans besig is met dissiplinêre optrede teen bogemelde Mnr M.C. Bester.

Dit het tot ons kennis gekom dat vermelde Mnr Bester, wat ‘n trustee by u is, na

bewering by u organisasie gereël het dat 'n pensioentjek wat ten voordele van sy seun André Bester (wat by ons werksaam was en gevolglik ook u lid was) in sy naam, M.C. Bester uitgemaak moes word en die tjek is dan ook na bewering in M.C. Bester se bank rekening ontvang. Na bewerking was Mnr André Bester 'n ongerehabiliteerde insolvent. Dit wil dus voorkom, indien bogemelde feite korrek is, dat dit 'n oortreding van die insolvensie wetgewing mag daarstel.

Ons versoek dus dat u die aangeleentheid dringend sal ondersoek en aan ons 'n verslag hieraangaande sal opstel wat ons dan ook by die bogemelde verhoor kan gebruik.

Geliewe ook kennis te neem dat ons die aangeleentheid by Kapt Strydom van S.A.P.S. (handelstak) gerapporteer het en wat tans die aangeleentheid ondersoek.

Ons verneem graag dringend van u."

[25]

Die eiser se bewering van lasterlikheid is vervat in paragrawe 7 , 8 en 9 van die besonderhede van vordering en word eweneens volledig aangehaal:

- “7. Die inhoud en in besonder paragraaf 2 daarvan is vals en lasterlik van die eiser deurdat dit voorgee, alternatiewelik impliseer, alternatiewelik die eiser toedig, en was tydens die opstel en publikasie daarvan bedoel om voor te gee, alternatiewelik te impliseer, alternatiewelik dit die eiser toe te dig en was aldus verstaan deur die persone aan wie die brief gedistribueer was om voor te gee, alternatiewelik te impliseer, alternatiewelik die eiser dit toe te dig dat eiser, terwyl eiser 'n trustee van die Kaapse Gemeenskaplike Aftreefonds was, bedrog gepleeg het, alternatiewelik oneerlik is, alternatiewelik valse voorstellings aan die Kaapse Gemeenskaplike Aftreefonds gemaak het en dat sy optrede bygevolg onwaardig en onbetaamlik is as trustee van die Kaapse Gemeenskaplike Aftreefonds.
8. *In die konteks van die brief is die brief in geheel bedoel deur eerste en tweede verweerder om aan die leser oor te dra dat die eiser oneerlik is en is dit aldus deur die leser verstaan.*
9. *In die konteks van die brief is die inhoud daarvan bygevolg onregmatig en lasterlik van die eiser, alternatiewelik is die inuendo daarvan onregmatig en lasterlik van die eiser."*

[26]

Die eerste en derde verweerders het teen hierdie beweringe eksepsie aangeteken op die basis, breedweg, dat dit, saamgelees met die inhoud van die skrywe, nie 'n saak

uitmaak daarvoor dat die eiser belaster is nie. Hierdie is wel 'n aspek wat op eksepsie beslis kan word (sien **Brett v Schultz** 1982 (3) SA 286 (SE)).

[27]

Daar is verskeie wyses waarop 'n eiser 'n saak daarvoor kan uitmaak dat bepaalde beweringe lasterlik van aard is. Die eiser kan sy saak daarop baseer dat die betrokke beweringe **per se** lasterlik is en daarmee volstaan, of die eiser kan 'n bepaalde innuendo (suggesie) opwerp wat in die beweringe ingelees moet word en wat dan aangewend word as versterking vir die eiser se saak dat die bewering lasterlik **per se** is. Die eiser kan egter ook 'n innuendo opwerp as 'n volwaardige skuldoorsaak, moontlik in die alternatief tot 'n skuldoorsaak dat die beweringe lasterlik **per se** is (sien **De Villiers v Schutte** 2001 (3) SA 834 (C) op 839F en **Deedat v Muslim Digest and Others** 1980 (2) SA 922 (D) op 928H).

[28]

Dit is uiters moeilik om op die beweringe in paragrawe 7 tot 9 van die besonderhede van vordering te bepaal welke van hierdie opsies die eiser hier bedoel het om te benut. In sy hoofde van argument het mnr Coetzee toe namens die eiser aangevoer dat dit die eiser se saak sou wees dat die inhoud van die skrywe lasterlik **per se** is, alternatiewelik dat dit lasterlik by wyse van innuendo is. In argument het Mnr Coetzee egter duidelik gemaak dat die eiser hoegenaamd nie op 'n innuendo in enige van die vorme daarvan steun nie en dat die eiser se saak uitsluitlik is dat die skrywe lasterlik **per se** is, en wel weens die geimpliseerde betekenis daarvan.

[29]

Dit is inderdaad so dat daar by die beoordeling van die vraag of woorde of beweringe **per se** lasterlik is gelet moet word nie alleen op wat uitdruklik beweer is nie, maar ook op wat daardeur geimpliseer is (sien **Argus Printing and Publishing Co Ltd and Others v Esselen's Estate** 1994 (2) SA 1 (A) op 20G en 21G-H). Die toets is objektief en die vraag is hoe 'n redelike persoon van normale intelligensie die woorde of beweringe in konteks sou verstaan het (sien **Rhodes University College v Field** 1947 (3) SA 437 (A) op 461, **Selemla and Others v Independent News Paper Group Ltd and Others** 2001 (4) SA 984 (NK) op 1000I-1001B en **Sidani v Van der Merwe and Others** 2002 (2) SA 32 (HHA) op 36C).

[30]

Ek kan met die beste wil nie insien hoe die inhoud van die skrywe as lasterlik **per se**, met enige van die geimpliseerde betekenis gepleit in paragraaf 7 van die

besonderhede van vordering, vertolk kan word nie.

[31]

In die tweede paragraaf van die skrywe is niks verder gegaan as om besonderhede aan te vra met betrekking tot inligting waarom die skrywer op sy beurt sou beskik het tot die effek dat die eiser “gereël” het dat geld wat sy seun toegekomp het in sy eie bankrekening betaal word. Dit is uitdruklik beweer dat eiser dit bewerkstellig het deur dit met die Kaapse Gemeenskaplik Aftreefonds te reël. Die bewering van so ‘n reëling is na my oordeel juis op die oog af onversoenbaar daarmee dat die eiser die inbetaling van die geld bewerkstellig het deur “bedrog”, “valse voorstellings” of oneerlikheid teenoor dié organisasie. ‘n Bewering dat dit met die organisasie “gereël” is, impliseer eerder dat die organisasie hierin sou saamgewerk het.

[32]

Die bewering dat, indien die eiser wel so ‘n reëling getref het met die organisasie, “dit ‘n oortreding van die insolvensie wetgewing mag daarstel”, bevat na my oordeel ook nie ‘n uitdruklike of implisiete betekenins dat die eiser in die proses bedrog gepleeg het, ‘n valse voorstelling gemaak het of oneerlik was teenoor die organisasie nie.

[33]

Die skrywe is ook nie na my mening vatbaar vir die interpretasie, op ‘n oorwig van waarskynlikhede (sien **Demmers v Wyllie and Others** 1980 (1) SA 835 (A) op 842H-843E), dat die eiser teenoor enig- iemand anders in die proses oneerlik was, ‘n valse voorstelling gemaak het of bedrog gepleeg het nie. Alhoewel nie namens die eiser gepleit is dat die inhoud van die skrywe tot die effek was dat die eiser se seun of sy kurator mislei of benadeel is nie, sou die skrywe se inhoud na my mening nie alleen mank gegaan het aan selfs so ‘n suggestie of implikasie nie, maar sou dit ook in elk geval netsoseer vatbaar gewees het vir die vertolking dat die seun en/of sy kurator nie mislei of benadeel is nie.

[34]

Hier moet dit weereens benadruk word dat die aard van die inhoud van die skrywe beoordeel moet word deur die oë van die redelike man van normale intelligensie, en nie deur die oë van ‘n regsgeleerde of ‘n ander persoon wat, byvoorbeeld, oor kennis van die inhoud van die Insolvensiewet beskik nie. Daar is niks in die inhoud van die skrywe opsigself wat daarop dui dat “a reasonable ordinary and right-thinking reader” (en nie ‘n “astute lawyer or super-critical reader” nie) die skrywe se inhoud

sou verstaan op enige van die wyses aangevoer in die besonderhede van vordering, of op die wyse hierbo voorgehou, nie (sien **HRH King Zwelithini of Kwa Zulu v Mervis and Another** 1978 (2) SA 521 (W) op 526H en 529H).

[35]

Selfs al sou dit gesí kon word dat die inhoud van die skrywe suggureer dat die eiser 'n oortreding van die bepalings van die Insolvensiewet mag begaan het, sou dit nog steeds nie na my oordeel die implikasie bevat het dat hy daarom hom skuldig gemaak het, teenoor wie ookal dan, aan bedrog, valse voorstellings of oneerlikheid nie (vergelyk **Crawford v Albu** 1917 AD 102 op 118).

[36]

Dit is dan ook nie verbasend nie dat mnr Coetzee, ten spyte van die inhoud van paragraaf 9 van die besonderhede van vordering, afstand gedoen het van enige steun op 'n innuendo op enige van die wyses hierbo gemeld, want daar is duidelik nie enige beweringe gepleit vir waarom daar aan die inhoud van die skrywe 'n sekondere betekenis en so 'n innuendo geheg behoort te word nie (sien **De Middellandse Nasionale Pers v Stahl** 1917 AD 630 op 636, **Unie Volkspers Bpk v Rossouw** 1943 AD 519 op 524, **HRH Zwelithini of Kwa Zulu v Mervis and Another, supra**, op 524E en **Deedat v Muslim Digest and Others, supra**, op 928H-929A).

[37]

Die slotsom waartoe ek dus kom, is dat die eiser se dagvaarding en besonderhede van vordering nie 'n skuldoorsaak gebaseer op laster openbaar nie en wel weens die feit dat daar nie daarin 'n saak daarvoor uitgemaak is dat die inhoud van die skrywe op enige basis hoegenaamd objektief lasterlik is nie.

BEVOORREGTE GELEENTHEID

[38]

'n Eksepsie kan ook geneem word waar 'n verweer vollediglik en afdoende uit die eiser se eis blyk en daar dus om daardie rede nie 'n skuldoorsaak blyk nie (sien **Union & National & General Assurance Co of SA Ltd v Forward Fashions Co** 1929 CPD 528 en vergelyk **Viljoen v Federated Trust Ltd** 1971 (1) SA 750 (O) op 759C-760E en **Communication Workers Union and Another v Telkom SA Ltd and Another** 1999 (2) SA 586 (T) op 594B).

[39]

Eksepsie is hier ook aangeteken op die basis dat dit uit die eiser se eie besonderhede

van vordering (met die skrywe as aanhangsel daartoe) blyk dat die inhoud van die skrywe in elk geval nie onregmatiglik gepubliseer is nie, maar wel as deel van 'n verpligting en reg om te ondersoek aan die kant van die derde verweerder.

[40]

In die eerste paragraaf van die skrywe is dit pertinent gestel dat die derde verweerder besig was met dissiplinêre optrede teen die eiser en in die derde paragraaf is verduidelik dat die inligting vir daardie doel benodig word.

[41]

In samehang hiermee blyk dit uit die besonderhede van vordering dat die derde verweerder 'n "*regsentiteit*" is soos bedoel in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 32 van 2000.

[42]

In artikel 67(1) van hierdie Wet word op liggame soos die derde verweerder die verpligting geplaas om dissiplinêre prosedures in plek te stel en om ondersoek in te stel na "*bewerings van wangedrag en klagtes teen personeel*". Selfs al sou 'n oortreding van die Insolvensiewet nie noodwendig as krimineel van aard aangemerkt kon word nie (vergelyk **Crawford v Albu, supra**, op 118) sou dit moontlik op wangedrag soos in die gemelde Wet bedoel neerkom. Minstens sou sulke inligting sekerlik 'n ondersoek van die kant van die derde verweerder regverdig het.

[43]

Heeltemal afgesien van die betrokke Wet se bepalings, sou die openbare belang na my oordeel regverdig dat 'n liggaam soos 'n munisipaliteit 'n navraag soos hierdie rig ten aansien van 'n werknemer daarvan (vergelyk **McNally v M & G Media (Pty) Ltd and Others** 1997 (4) SA 267 (W) op 273C, **Monckten v British South Africa Co** 1920 AD 324 en **Couldridge v Eskom and Another** 1994 (1) SA 91 (SE)).

[44]

Ek is van oordeel dat daar dus op die derde verweerder 'n plig gerus het (of minstens dat dit geregtig was) om die navraag te doen en dat hierdie dus 'n klassieke geval van 'n bevoorregte geleentheid was (sien **Ehmke v Grunewald** 1921 AD 575 op 581, **Borgen v De Villiers** 1980 (3) SA 556 (A) op 577E en **Vincent v Long** 1988 (3) SA 45 (C)).

[45]

Of so 'n bevoorregte geleentheid nou dui op die afwesigheid **animus iniurandi** (sien **Monckten v British South Africa Co, supra, Couldridge v Eskom and Another, supra**, op 103F-J en **McPhee v Hazelhurst and Others** 1989 (4) SA 551 (N)) of op afwesigheid van onregmatigheid (sien **Marais v Richard en 'n Ander** 1981 (1) SA 1157 (A) op 1167A, **Herselman NO v Botha** 1994 (1) SA 28 A op 35D-F en **National Media Ltd and Others v Bogoshi** 1998 (4) SA 1196 (A)), sou so 'n bevoorregte geleentheid 'n afdoende verweer wees waar dit duidelik blyk dat die gewraakte beweringe relevant tot die geleentheid was (sien **Herselman NO v Botha supra**), dat daar geen kwaadwilligheid of onbehoorlike motief aan die kant van die betrokke verweerder was nie en dat die beweringe nie onredelik gemaak is nie (sien **Holomisa v Argus News Papers Ltd** 1996 (2) SA 588 (W) op 619D-E en **Joubert and Others v Venter** 1985 (1) SA 654 (A)).

[46]

Die eiser het nie gepleit dat die beweringe nie relevant was tot die geleentheid nie of dat die verweerders kwaadwillig of onredelik of met onbehoorlike motief opgetree het nie. Dit blyk egter baie duidelik dat die bewyslas op 'n oorwig van waarskynlikhede sal rus op 'n verweerder wat hierdie verweer opwerp, dit wil sê om alles te bewys wat nodig mag wees om hom/haar binne die kader van hierdie verweer te bring (sien **Neethling v Du Preez and Others; Neethling v The Weekly Mail and Others** 1994 (1) SA 708 (A) op 769A-H, **National Media Ltd and Others v Bogoshi, supra**, en **Hardaker v Phillips** 2005 (4) SA 515 (HHA)).

[47]

Die vraag is dan wat die vooruitsigte is dat die verweerderes in die onderhawige geval nie met hierdie verweer sou slaag nie, met ander woorde wat die vooruitsigte is, op die stukke tans voor die Hof, dat die verweerders nie daarin sou slaag om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys, nie alleen dat die verweer hier ter sprake is nie, maar ook dat die inhoud van die skrywe nie alleen relevant was tot die geleentheid nie, maar ook dat dit nie onredelik of kwaadwilliglik of met 'n onbehoorlike motief gerig is nie.

[48]

Die moontlikheid dat daar getuienis mag opduik wat sal dui op sulke kwaadwilligheid of op 'n onbehoorlike motief moenie te *"notional, fanciful or remote"* wees nie (sien **Ahmadiyya Anjuman Ishaati-Islamahore (South Africa) and Another v Muslim Judicial Council (Cape) and Others, supra**, op 862D-E). Na my oordeel is dit op die eiser se eie stukke, en meer bepaald dan die inhoud van die skrywe, baie duidelik dat enige suggestie van die moontlikheid van sulke getuienis inderdaad

vergesog sou wees.

[49]

Die skrywe is nie wyd versprei nie, maar slegs gerig aan een enkele persoon, naamlik die Hoof Uitvoerende Beampte van die Kaapse Gemeenskaplike Aftreefonds, en dus in die finale instansie die persoon wat die gevraagde inligting sou kon verskaf sonder dat die rede vir die aanvra daarvan wyd bekend raak. Om hierdie doel te bereik, is die skrywe selfs duidelik gemerk “*KONFIDENSIEËL*”.

[50]

In die skrywe word ook so konserwatief moontlik te werk gegaan met die rede waarom die inligting benodig word. Daar word moeite gedoen om duidelik te maak dat die skrywer nie self die beweringe maak of vir die waarheid daarvan instaan nie, en dat die skrywer selfs die moontlikheid aanvaar dat die beweringe onwaar mag wees.

[51]

Verder word die moeite gedoen om te verduidelik waarom dit nodig is om die beweringe onder die aandag van die Hoof Uitvoerende Beampte te bring. Teen hierdie agtergrond meen ek inderdaad dat die moontlikheid van getuienis dat die skrywe desnieteenstaande in werklikheid onredelik, kwaadwilliglik of vir ‘n onbehoorlike motief gerig is, inderdaad “*notional, fanciful or remote*” sou wees. Mnr Coetzee het dan ook nie eers gepoog om te argumenteer dat daar sprake van sulke getuienis mag wees nie.

[52]

‘n Mens vra jouself inderdaad af hoe anders die derde verweerder, en die beamptes daarvan, te werk moes gegaan het om in die omstandighede die betrokke beweringe na te vors en die inligting te bekom vir die doeleindes van ‘n ondersoek. Mnr Coetzee het aan die hand gedoen dat die skrywe gerig kon gewees het op die basis dat inligting versoek word rondom die uitbetaling van die bedrag geld in die bankrekening van die eiser, sonder enige vermelding van die feit dat die eiser se seun ‘n ongerehabiliteerde insolvent was of van die moontlikheid van ‘n oortreding van die Insolvensiewet. Na my oordeel sou dit egter totaal onredelik gewees het om te verwag dat die inligting op hierdie wyse aangevra moes gewees het. Dit was na my oordeel hoegenaamd nie onredelik om die aanvra van die inligting te motiveer deur te verwys na die status van die eiser se seun en na die moontlikheid van ‘n oortreding van die betrokke wetgewing nie. Intendeel, dit sou nie verbaas het nie as die Hoof Uitvoerende Beampte eenvoudig geweier het om enige inligting te verskaf sonder die verstrekking van ‘n rede vir die noodsaak van sodanige inligting.

[53]

Ek meen dat, in die lig van die voorgaande, hierdie by uitstek die tipe geval is wat reeds op eksepsie “gesif” moet word om te verhoed dat ‘n saak wat duidelik tot mislukking gedoem is, op verhoor gaan (sien **Conroy v Nicol and Die Voortrekker Pers Bpk** 1949 (3) SA 1134 (T) op 1139 en **Mangope v Asmal and Another** 1997 (4) SA 277 (T) op 284C-H).

[54]

In die lig hiervan meen ek dat dit in orde sal wees om nou reeds op eksepsie hieroor te beslis en is ek van oordeel dat die eiser se eie stukke inderdaad ‘n volledige en afdoende verweer van “*qualified privileged*” aantoon het. Dit beteken dat dit dus uit die eiser se eie stukke blyk dat die skrywe nie onregmatiglik na die Hoof Uitvoerende Beampte gerig is nie. Ook op hierdie basis moet die eksepsie dus slaag.

ANIMUS INIURANDI

[55]

Mnr Danzfuss SC, het namens die eerste verweerder ook in argument aangevoer dat die eiser se stukke eksepieerbaar sou wees op die basis dat die eiser nagelaat het om daarin te beweer dat die skrywe gerig is met die vereiste **animus iniurandi**. Alhoewel ek in die lig van wat volg dit nie nodig geag het om volledig hierin in te gaan nie, wil dit voorkom asof die eiser in die omstandighede verplig was om sodanige bewering te maak (vergelyk **Moaki v Reckitt and Colman (Africa) Ltd and Another** 1968 (3) SA 98 (A) op 106D).

[56]

Mnr Danzfuss het egter toegegee dat daar nie op hierdie basis eksepsie aangeteken is teen die eiser se dagvaarding of besonderhede van vordering nie en dat ‘n verweerder gebonde sou wees aan die gronde waarop eksepsie aangeteken is.

OMVANG VAN SKADEVERGOEDING

[57]

Eksepsie is ook geneem teen die dagvaarding en besonderhede van vordering op die grond dat daar nie aan die voorskrifte van Eenvormige Hofreël 18(10) voldoen is nie, deurdat onvoldoende besonderhede deur die eiser gepleit is om die verweerders in staat te stel om ‘n beraming te maak van die omvang van die skade wat die eiser na bewering gely het. In die besonderhede van vordering is bloot beweer dat die eiser skade gely het in die bedrag van R3 miljoen.

[58]

Mnr van Loggerenberg het aangevoer dat dit die besonderhede van vordering vaag en verwarrend maak en dat die feit dat daar in 1988 in die Eenvormige Hofreëls weggedoen is met die moontlikheid van 'n versoek om besonderhede vir die doeleindes van pleit, beslissings soos **Simmonds v White and Another** 1980 (1) S 755 (C) ontersaaklik maak. In die lig van die slotsom waartoe reeds hierbo gekom is, is dit nie nodig om finaal hieroor uitsluitel te gee nie en sal ek nie in diepte hierop ingaan nie.

[59]

Beslissings soos in die **Simmonds**-saak en in **Durban Picture Frame Co (Pty) Ltd v Jeena and Another** 1976 (1) SA 329 (D) was egter wel inderdaad sterk gegrond op die feit dat 'n verweerder toe nog besonderhede kon versoek het met die oog op 'n pleit. Selfs nog voor die stadium toe daar in totaal met hier meganisme weggedoen is (in 1988) het Howe egter al begin neig in die rigting daarvan dat 'n eiser ook in die geval van algemene skade darem sekere basiese of minimum beweringe moet pleit om die verweerder 'n idee te gee van "*die waarde van die eis teen hom*" en in staat te stel om minstens 'n skatting van die omvang van die skade te doen, en is weggedoen met die onderskeid wat vroeër in hierdie verband bestaan het tussen algemene en spesiale skade (sien **Cape Diving and Salvage (Pty) Ltd and Others v Viljoen** 1979 (1) SA 871 (C) op 877B-D en **Bell, Van Niekerk & Van Niekerk v Oudebaaskraal (Edms) Bpk en 'n Ander** 1985 (1) SA 127 (C) op 130D-131D).

[60]

Wat beskou sou kon word as genoegsame beweringe om 'n verweerder in staat te stel om self die **quantum** te beraam, sal natuurlik verskil van geval tot geval (sien **Van Niekerk & Van Niekerk v Oudebaaskraal (Edms) Bpk en 'n Ander, supra**, op 131F-G). Dit is egter ook so dat hofreël 18(10) selfs in gevalle waar skadevergoeding op grond van persoonlike beserings gevorder word, slegs vereis dat besonderhede "sover doenlik" gepleit moet word (sien **Minsiter van Wet en Orde v Jacobs** 1999 (1) SA 944 (O) op 957 G-H) en ek vind dit moeilik om te dink hoe die eiser met 'n eis soos hierdie meer besonderhede sou kon pleit sonder om in effek te begin getuienis pleit.

REGSHULP

[61]

Mnr Coetzee het toegegee dat, indien die eksepsie gehandhaaf sou word op die basis

dat die inhoud van die betrokke skrywe nie lasterlik is nie, die dagvaarding en die besonderhede van vordering tersyde gestel behoort te word en daar in so 'n geval geen ruimte of sin sou wees in die verlening van 'n geleentheid vir wysiging van die besonderhede van vordering nie. Meer spesifiek het mnr Coetzee ook aangedui dat daar niks verder is wat die eiser kan pleit met betrekking tot die kwessie van die beweerde lasterlikheid van die inhoud van die skrywe nie.

KOSTE

[62]

Daar is nie namens enige van die partye aan die hand gedoen dat die koste nie ook hier op die gebruikelike wyse die uitslag sal volg nie en ek is ook van oordeel dat dit gepas sou wees.

[63]

Mnr van Loggerenberg het aan die hand gedoen dat, indien die eksepsie op enige basis sou slaag, die koste van twee advokate toegelaat behoort te word. Soos reeds aangedui, is mnr van Loggerenberg hierin bygestaan deur mnr Mpaga, maar mnre Danzfuss en Coetzee het onderskeidelik namens die eerste verweerder en eiser verskyn sonder enige bystand. Mnr Coetzee het aan die hand gedoen dat so 'n kostebevel in die omstandighede nie geregverdig sou wees nie.

[64]

Na my mening was hierdie aangeleentheid nie van so 'n aard dat dit koste van twee advokate geverg het nie. Die stukke is uit die aard van die saak nie besonder lywig nie. Niks kan gemaak word van die omvang van die eisbedrag nie, want dit is onmoontlik om op hierdie stadium te oordeel of dit enigsins realisties sou gewees het.

[65]

Mnr van Loggerenberg het aan die hand gedoen dat daar ook in hierdie verband gelet moet word op die feit dat daar nie minder nie as agt gronde van eksepsie was (dan is die alternatiewe nog nie eers in ag geneem nie). Afgesien daarvan dat daar in meerdere van hierdie gronde werklik geen meriete was nie, is ander laat vaar toe mnr van Loggerenberg met gesag gekonfronteer is waarmee 'n mens sou verwag het dat hy vertrouwd behoort te gewees het voordat op hierdie basis eksepsie geneem is of, minstens, voordat dit geargumenteer is.

[66]

Waaroor dit in werklikheid hier gegaan het, was die aspek van lasterlikheid, en die totale bron van die gewraakte beweringe is te vinde in 'n skrywe van 'n enkele bladsy lank. Ek meen dus nie dat hierdie 'n geval is waar die koste van twee advokate geregverdig sou wees nie.

[67]

In die lig van die voorgaande word die volgende bevel hierin gemaak:

Die eksepsie word met koste gehandhaaf en die dagvaarding en besonderhede van vordering word tersyde gestel.

C J OLIVIER
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING

(i) Namens die eiser:	Adv W J Coetzee
(ii) In opdrag van:	Engelsman Magabane INC
(iii)	
(iv) Namens die eerste verweerder:	Adv F W A Danzfuss, SC
(v) In opdrag van:	Adrian B Horwitz & Ass
(vi) Namens die tweede verweerder:	Geen
(vii) Namens die derde verweerder:	Adv D E van Loggerenberg, SC
(viii) Bygestaan deur:	Adv M Mpaga
(ix) In opdrag van:	Mjila & Partners